GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2020

NASIENRIGLYNE

AFRIKAANS EAT VRAESTEL 2 (10022)

30 bladsye

NASIENRIGLYNE

1. As ’n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ’n streep word deur die tweede vraag getrek.

2. As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

3. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

4. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

5. By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.

6. As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

7. By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

8. By vrae wat ’n eie opinie vereis en vrae waar ’n verduideliking vereis word: indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

9. Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit nie korrek nie, mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

10. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

11. By ’n vraag waar enige GEBEURE in die korrekte volgorde gerangskik moet word, verdien die kandidaat EEN punt per korrekte antwoord mits dit op die korrekte plek staan.

12. Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

NASIENRIGLYNE

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

TEKS A

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
1.1.1	• Saul en sy pa/Joram het geargumenteer/baklei. • Saul se pa/Joram het hom weggejaag. • Saul het met sy pa verskil oor hulle toekoms in die Bos. • Saul het gesê hy gaan nie verder op 'n pad bly wat nêrens heen lei nie. Enige TWEE of soortgelyk	2	2
1.1.2	By MacDonald	1	1
1.1.3	• Kos • Slaapplek • Twee sjielings 'n week/Agt sjielings per maand (sewe sjielings is van sy pa se boekskuld afgetrek en 'n sjieling vir die tyd wat Saul op die kaai van MacDonald gesteel het.) Enige EEN	2	1
1.2	Saul se broer	1	1
1.3	Hy is deur 'n olifant/Oupoot getrap	1	2
1.4	• Jozef en sy familie het geglo dat Oupoot verantwoordelik was vir Jozef se (oudste) seun/Joram se dood. • Oupoot word blameer vir Jozef se (oudste) seun/Joram se dood. • Freek Terblans gaan vir Oupoot kom skiet. • Saul voel hy is dit aan Oupoot verskuldig om Oupoot die vernedering te spaar om deur Freek geskiet te word./Saul wil nie hê Oupoot moet voor Terblans kniel nie. • Saul sal self vir Oupoot skiet. Enige TWEE	2	3
1.5	• Jozef glo alles wat vir hom vertel word. • Jozef bevraagteken niks nie. • Jozef aanvaar wat gesê word as die waarheid. Enige EEN	1	3
1.6	• D • Saul kan dit nie bekostig om emosioneel betrokke te raak by sy teiken nie. • D Saul kan dit nie bekostig om emosioneel betrokke te raak by sy teiken nie. Enige EEN	1	2
1.7	• Bewondering • Respek • liefde Enige EEN	1	3

1.8	• Die plekke in die Bos waar al die bome uitgekap is • Die plekke in die Bos waar kaal kolle al is wat oorbly Enige EEN of soortgelyk	1	3
1.9.1	• bekommerd • besorg(d) • hartseer Enige EEN of soortgelyk	1	4
1.9.2	• baklei • argumenteer • bots Enige EEN	1	4
1.10	Saul voel • ongeduldig met Jozef. • dat hy en Jozef van kleinsaf bymekaar verbygedink het. • dat Jozef nog altyd die leuens glo. • dat Jozef nie vir homself dink nie. • dat daar baie dinge is waarvan Jozef nooit wou weet nie. Enige EEN	1	3
1.11	• Saul het die Bos verlaat. • Saul het vir MacDonald gaan werk./Saul was in ’n posisie dat hy vir Harison presies kon sê wie hout by MacDonald aflaai. • Die Bosmense het nie die waarheid geglo nie. • Saul het sy pa en broers probeer oortuig dat hulle die Bos doodkap/doodmaak. • Saul het ’n reputasie gehad as iemand wat “anders” as die res was./Saul was, volgens Joram, altyd stroomop. • Die bosmense het gevoel dat Saul nie een van hulle is nie. • Arend het gesê dat Saul van die begin af aan Harison se kant was. Enige TWEE of soortgelyk	2	5

TEKS B

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
1.12	Goud	1	1
1.13.1	(Mister) Patterson	1	1
1.13.2	Ja. Patterson het ingestem/belowe dat Saul die trog kon kry as Saul hom veilig uit die Bos kry. Nee. • Saul het Patterson in ’n oomblik van swakheid gevra daarvoor. • Patterson was desperaat om uit die Bos te kom. • Patterson se vrees het gemaak dat hy nie meer reguit kon dink nie. Enige EEN of soortgelyk	1	5

1.14	• As Saul op die beeshoring geblaas het, het die delwers gedink dat daar olifante in die omgewing is. • As Saul delwers op sy oewers gekry het, het die beeshoring gehelp om die delwers te laat gryp en vlug. Enige EEN of soortgelyk	1	3
1.15.1	• B • Maska • B Maska Enige EEN	1	3
1.15.2	• D • Kate • D Kate Enige EEN	1	3
1.15.3	• A • Crompton • A Crompton Enige EEN	1	3
1.15.4	• E • Harison • E Harison Enige EEN	1	3
1.16	• Die houtkapper, of een van sy span, wat byl neerlê en loop goud vat, se houtliksens sal afgeneem word. • Die houtkappers sou hulle houtkaplisensie verloor.	1	4
1.17	• Saul wou die delwers (sonder dat hulle agterdogtig/suspisieus raak) uit sy gebied kry. • Saul het gewonder/was bekommerd oor hoeveel delwers daar al in die Bos was. • Saul se gedagtes is nie voltooid nie. • Die leser word gelaat om self te dink oor die implikasies van Saul se gedagtes. • Dit skep spanning. Enige EEN of soortgelyk	1	3
1.18	• Daar was ’n streep tussen die skuur en die huis getrek (– vir die handlangers, maar ook vir Kate. • Toe Esau die boek, David Copperfield vir MacDonald gebring het, moes Kate vyfhonderd keer uitskryf: All woodcutters are wild and dirty and so are their children. • Toe Saul sy eerste goud in die dorp gaan verkoop het, het MacDonald Esau en Tanda gestuur om Saul te kry/vang as hy by die dorp uitgaan. • Kate is weggestuur Kaap toe om daar skool te gaan. • Toe Kate uit die Kaap teruggekeer het, het Maska vir Saul gesê dat MacDonald/die houtkopers nie weer van ’n Barnard-wa hout sal koop solank Saul op die dorp of die omgewing woon nie.		

	• Toe Saul van Swellendam teruggekeer het, was elke plek wat Saul wou koop of huur, skielik nie meer beskikbaar nie. • MacDonald het vir Saul sewe erwe te koop aangebied in die spookdorp, Meulbosdorp om Saul uit Knysna te hou – Kate het nie meer daar skoolgehou nie. Enige EEN en eenvoudiger gestel	3	2
1.19	• Saul het geweet dat Oupoot geskiet gaan word, maar hy sou dit eerder self wou doen as wat iemand anders dit doen. • Oupoot was Saul se dier-broer/Saul was Oupoot se mens-broer en Saul het geweet dat Oupoot nie vir die dood van Jozef se seun verantwoordelik kon wees nie. • Saul sê vir Maska dat hy vyf dae deur die Bos geloop het om Oupoot te skiet, net om uit te vind dat hy nie die moed sou of wou hê om die sneller te trek nie. Enige EEN of soortgelyk Albei kante moet gestel word vir 1 punt	1	5
1.20	• Houtwerk • Meubels maak Enige EEN	1	1
1.21	• Arm mense word uitgebuit deur ryk mense. • Armes word armer en die rykes word ryker. Enige EEN of soortgelyk	1	5
1.22	• Aan die een kant wou Saul net uit die Bos wegkom, maar aan die ander kant is hy lief vir die Bos. • Van sy gelukkigste tye sowel as sy ongelukkigste tye was in die Bos. Enige EEN of soortgelyk Albei kante moet gestel word vir 1 punt	1	5
		[35]	

VLAK 1	**VLAK 2**	**VLAK 3**	**VLAK 4**	**VLAK 5**
7	9	10	3	6
45,7%		28,6%	25,7%	

VRAAG 2: ***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

TEKS C

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
2.1.1	Hanna	1	1
2.1.2	• Fabienne wou oor stralende geluk ***skryf***. • Hanna wou vir haarself ***'n lewe opmaak***. Byvoorbeeld: - Hanna wou die lewe van 'n amper vyftienjarige meisie hê. - Hanna wou 'n eksotiese naam soos Fabienne hê. - Fabienne moes fantastiese tande hê. - Fabienne sou elke aand 'n boks sjokolade kon opeet sonder om ooit deur 'n puisie of 'n vetrolletjie gestraf te word./Fabienne sou nie so iets doen nie; sy sou haar sjokolade met iemand deel. - Fabienne sou besonder kunstig wees. - Fabienne se pa sou op haar vyftiende verjaardag doodgeskok word ('n tragedie). - Fabienne se ma het daardie dag haar tandarts-pa kom help, die tandartsstoel skoongeskrop en geglo dit het die kortsluiting veroorsaak. - Fabienne se ma laat trek al haar tande en begrawe dit saam met haar man. - Fabienne se ma raak by die dag meer waansinnig/maller. - Fabienne se ma bedwelm Camille een nag met laggas en trek al haar tande. • Hanna het in haar verbeelding ***'n gesin geskep***. Byvoorbeeld: - Fabienne se pa moes 'n tandarts wees. - Fabienne se pa moes status hê. - Fabienne se pa moes sekuriteit aan 'n gesin kan gee. - Fabienne se pa moes baie geld verdien sodat sy amper nooit sop hoef te eet nie. - Fabienne se ma was voor haar troue (eers) 'n tandarts-assistent wees; later het Hanna gedink Fabienne se ma moes liewer 'n tuinkundige wees wat haar man ontmoet het toe sy hom gehelp het om sy tuin uit te lê. (Dis meer romanties om die liefde van jou lewe in 'n tuin te leer ken as oor die oopgesperde mond van 'n pasiënt.) - Fabienne sou 'n suster, Camille, hê wat twee jaar ouer as sy is – 'n sielsuster. • ***Fabienne se ouers sou in 'n huis woon*** wat deur die stad se beste argitek ontwerp is. Byvoorbeeld: - Die huis is modern, vol lig en glinsterend skoon. - Fabienne se ma sou elke oggend groot bosse blomme in die tuin pluk en in swaar glasvase rangskik. • Fabienne en Camille sou ***soos normale babas in 'n hospitaal gebore*** word.		

	• Fabienne het een aand ***'n nagmerrie oor 'n meisie met die naam Hanna Hoekom*** gehad. Byvoorbeeld: - Dié Hanna woon saam met 'n spul wilde broers. - Hanna se gesin woon in 'n spektakel van 'n huis. - Hanna se ma het 'n woeste boskasie van 'n haarstyl gehad wat sy met verfkwaste bo-op haar kop vasgesteek het. Enige TWEE of soortgelyke voorbeeld	2	3
2.1.3	Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom	1	2
2.2	Die spreker se ma • Sy hou daarvan dat Hanna haar op haar naam noem – Mana. • Mana dra 'n spul verfkwaste in haar hare. • Mana het geglo dat dis sleg vir mens se gesondheid om normaal te wees. • Mana het met haar gay woonstelmaat, Gavin, getrou (om die familie tevrede te stel) • Mana het met Gavin getrou om 'n kind te hê. • Mana het 'n tweede kind, 'n proefbuisbaba, gehad. • Mana wil (nou eers) gaan wittebrood hou – met al haar kinders, stiefkinders en ongebore kind. Enige EEN Die spreker se eie pa • Gavin is gay. • Gavin is baie trendy met strepe in sy hare en ringe in sy naeltjie en wenkbroue. • Gavin het peroksiedhare. • Gavin dra meer grimering as Hanna se ma. • Gavin koop vir Hanna slangvelbroeke (in Londen). Enige EEN	2	3
2.3.1	• Mana en Beyers se honde het van hulle eienaars losgeruk en weggehardloop. • Mana en Beyers het agter die honde aangehardloop en amper teen mekaar gebots. • Beyers het voorgestel as hulle die honde/Pampoen en Patat laat kleintjies kry, kan hulle 'n groentewinkel begin. Enige TWEE	2	3
2.3.2	• Toe hulle verhouding begin het, het hulle lekker saam gelag./Hulle het altyd lekker saam gelag. • 'n Paar weke nadat Mana vir Beyers ontmoet het, het sy besluit dis die man met wie sy wil trou. • Mana het aanmekaar gegiggel – dit was vir Hanna soos om skielik saam met 'n verliefde tiener in 'n huis te woon. • Toe Beyers vir Mana 'n aartappel gegee het (waaraan die grond nog kleef), het Mana in trane uitgebars en gesê niemand het vir haar nog ooit só 'n kosbare geskenk gegee nie. • Hanna het vir Mana mans uitgewys wat vir haar (Hanna) perfek lyk, maar Mana het net uitgebars van die lag.		

	• Hanna het haar ma omgepraat om op ’n paar blind dates te gaan, maar elke afspraak was ’n katastrofe. Enige aanvaarbare relevante rede	1	3
2.3.3	• Hanna het gedink Beyers was die beste man wat Mana nog in haar lewe gehad het. • Hanna het met Beyers oor die letterkunde gepraat. • Beyers het Hanna aangemoedig om haar storie te skryf. • Beyers het gesê hy sal graag Hanna se skryfwerk wil lees. Enige TWEE	2	3
2.4.1	• A • het ’n obsessie met TV gehad • A Het ’n obsessie met TV gehad Enige EEN	1	2
2.4.2	• C • Het alles van moderne musiek geweet • C Het alles van moderne musiek geweet Enige EEN	1	2
2.4.3	• B • Was mal oor towenaars en toorkuns • B Was mal oor towenaars en toorkuns Enige EEN	1	2
2.4.4	• E • Het alles van teater en toneelstukke geweet • E Het alles van teater en toneelstukke geweet Enige EEN	1	2
2.5	• Tibo was ’n proefbuisbaba. • Tibo se bevrugting het kunsmatig plaasgevind. Enige EEN	1	3
2.6	Ja. • Hanna het geglo dat sy oor die algemeen gemiddeld is – dat haar voorkoms, lengte en gewig, atletiese vermoë, punte in die klas en gewildheid onder skoolmaats gemiddeld is. • Hanna was baie ontevrede met haarself. Byvoorbeeld: - Hanna het nie ’n akneeprobleem soos die arme ou in haar klas gehad nie, maar sy het ook nie ’n vlekkelose vel soos Sharon gehad nie – haar puisies is gemiddeld. - Hanna het ’n gaping tussen haar boonste voortande gehad – nie so wyd dat sy ’n potlood daar kan indruk nie, maar nogtans groot genoeg om haar te hinder. - Hanna het gevoel sy het amper onsigbare tieties. - Hanna het gevoel sy het lelike voete. - Hanna het minderwaardig gevoel. Nee. • Hanna het ’n goeie verbeelding gehad. - Op laerskool het Hanna haar verbeelding gebruik om maats te wen.		

	- Hanna het op laerskool die lekkerste speletjies opgemaak. - Hanna het op laerskool die grillerigste stories uitgedink. • Hanna was baie kreatief. • Enige mens behoort tevrede met hom-/haarself te wees. Enige EEN of soortgelyke voorbeeld	1	4
2.7	Die spreker het gesê • die huis lyk soos 'n spoorweghuis wat te groot vir sy skoene geword het. • die boonste verdieping is later "bygelas" – dit het vuilwit mure met vensters van verskillende groottes gehad. • dit was 'n spektakel van 'n huis. • die huis het 'n lekkende dak en drie gekraakte vensters gehad. • geen normale gesin sou ooit in dié huis woon nie. • daar is geen tuin nie, net onkruid wat kuithoogte groei. Enige EEN	1	2

TEKS D

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
2.8	• Die baba • Ditjie • Beyers en Mana se baba Enige EEN	1	2
2.9	• Die water het teen die aand (nog mooi) niks gesak nie. • Die familie is (steeds) op die berg vasgekeer. Enige EEN	1	2
2.10.1	• Die geboorte (van die baba/Ditjie) • Die koms van die baba/Ditjie Enige EEN	1	2
2.10.2	• Hierdie baba/Ditjie is in die huis op die berg/Botterberg gebore (1), terwyl Hanna in die hospitaal gebore is(1). • Hierdie baba/Ditjie is sonder mediese personeel gebore (1), terwyl daar mediese personeel by Hanna se geboorte was (1). Enige EEN, maar albei kante moet vir 2 punte gestel word: 2/0	2	3
2.11.1	Ja. Dit was Beyers en Mana se eerste vakansie saam. Nee. Die hele gesin het saam vakansie gehou. Enige EEN of soortgelyk	1	3
2.11.2	Die gesinslede het • mekaar beter leer ken. • mekaar begin aanvaar. • beter met mekaar klaargekom. • aktiwiteite saam begin doen. Enige TWEE of soortgelyk	2	4

2.12	• B Die gesin eet Gavin se afskeidsmaal. • A Die gesin hou 'n koolstoofkonsert. • D Margot lees haar Tarot-kaarte vir die kinders. • C Margot knip haar lang, rooi naels kort.	4	2
2.13	• B • verpleegondervinding. • B verpleegondervinding. Enige EEN	1	3
2.14.1	Beyers	1	3
2.14.2	Gavin	1	3
2.15	Ja. • Ouers behoort rolmodelle vir hulle kinders te wees. • Ouers behoort hulle kinders goed op te voed. Nee. • Ouers kan ook foute maak. • Wat vir een gesin 'n voorbeeldige ouer is, is dalk nie dieselfde vir 'n ander gesin nie. Enige EEN of soortgelyk	1	5
2.16	Byvoorbeeld • Beyers - Hy is 'n goeie man vir Mana. - Hy motiveer die kinders om te gaan stap. - Hy moedig Hanna aan om te skryf. • Margot - Sy het vir Mana gehelp met die geboorte. - Sy het haar ideale uitgeleef. (Enige ander volwassene met 'n positiewe motivering)	1	5
		[35]	

VLAK 1	**VLAK 2**	**VLAK 3**	**VLAK 4**	**VLAK 5**
2	12	17	2	2
40%		48,57%	11,42%	

VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE

VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

TEKS G

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
4.1	• Wouter het Lien altyd laat lag. • Lien kon altyd op Wouter staatmaak. • Wouter het vir Lien morele ondersteuning gebied. • Wouter het Lien gemotiveer/aangemoedig. • Lien kon oor enige iets met Wouter praat. • Wouter was baie geduldig met Lien. Enige EEN of soortgelyk	1	2
4.2.1	• Haar baie probleme het veroorsaak dat sy gesukkel het om te konsentreer. • Lien het baie gedink aan al haar probleme. • Sy kon nie reg fokus nie as gevolg van haar baie uitdagings. Enige EEN of soortgelyk	1	3
4.2.2	Tannie Bets	1	1
4.2.3	• Lien wou 'n vliegtuigkaartjie koop. • Lien wou na matriek oorsee gaan. Enige EEN	1	2
4.3.1	• Tant Malie het voorgegee dat die breek van die koppies en bordjies iets klein was. • Tant Malie was eintlik woedend hieroor/Tant Malie het vir Lien en Agnes beveel om die skade terug te betaal. Enige EEN of soortgelyk – beide kante moet gestel word	1	4
4.3.2	Ja • Tant Malie was onregverdig om hulle te vra om die skade terug te betaal. • Lien-hulle se salaris was nie baie nie. • Hulle kon dit nie bekostig nie. • Dit was 'n ongeluk. Nee • Lien-hulle moes meer versigtig wees by die werk. • In enige besigheid is daar nie plek vir persoonlike probleme nie. • Besigheid en persoonlike omstandighede mag nie meng nie. Enige EEN of soortgelyk	1	5
4.4	• B • bang • B bang Enige EEN	1	3

4.5	• Christien/Lien se Ma het baie gedrink. • Christien was altyd besope/aangeklam. Enige een of soortgelyk	1	3
4.6	• Die predikant het met Christien gepraat en gereël dat sy in 'n kliniek opgeneem word. • Die predikant het Christien se situasie aan die bestuurder van Pick 'n Pay verduidelik toe sy met 'n boks wyn gevang is sonder dat sy betaal. • Die predikant het Lien gevind waar sy bedel en Lien moes 'n lys van hulle uitgawes maak sodat die kerk kan help. Enige TWEE	2	3
4.7	• Braam was baie lui. • Braam het altyd voor die televisie gelê. • Hy wou nooit vir Lien help met enige huistaak nie. • Braam het gereeld by sy vriend Deon gaan kuier. Enige een of soortgelyk	1	3
4.8.1	• C • Donovan • C Donovan Enige EEN	1	3
4.8.2	• E • Tibbey • E Tibbey Enige EEN	1	3
4.8.3	• D • Hein • D Hein Enige EEN	1	3
4.8.4	• B • Sue-Ellen • B Sue-Ellen Enige EEN	1	3
4.9	Ja. • Na die gevangenisstraf wat Lien se pa ontvang het, was dit baie moeilik vir Christien om die huishouding alleen te bestuur. • Dis moeiliker vir 'n vrou/enkelouer om kinders alleen groot te maak. • Dis baie swaar en emosioneel uitputtend veral vir 'n vrou om tieners groot te maak. Nee. • As ouer moes Christien 'n goeie voorbeeld stel vir haar kinders. • Dis nie goed om jou lewe oor te gee aan alkohol nie. • Jou kinders kan later jou verkeerde voorbeeld volg. Enige EEN of soortgelyk	1	5

4.10	• Ons moet liefde vir mekaar wys (veral in tye van nood). • Lien leer ons mededeelsaamheid. • Lien leer ons wat die woord Ubuntu regtig beteken. • Lien leer ons om vir mekaar om te gee. • Lien wys ons wat dit beteken om onselfsugtig te wees. Enige TWEE of soortgelyk	2	3

TEKS H

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
4.11	• Lien wou nie toelaat dat mense weet wat in haar lewe gebeur/gebeur het nie. • Lien se huislike omstandighede het haar depressief gemaak. • Sy het gevoel dat haar mede-leerlinge nie volwasse genoeg is nie. Enige EEN of soortgelyk	1	2
4.12	• Lien het lanklaas in 'n restaurant geëet. • Lien het lanklaas duur kos geëet. • Sy was baie honger. Enige EEN of soortgelyk	1	3
4.13	Wouter het eerste vir Lien uitgevat Wimpy toe.	1	3
4.14	Agtien jaar/18	1	1
4.15	(Weird) Maria	1	1
4.16	• C Lien begin haar nuwe skooljaar by Hoërskool Voortrekker. • B Lien kry 'n tydelike werk by Tant Malie. • D Lien kry 'n tydelike werk by Millennium Creations. • A Lien bedel by die verkeersligte om ekstra geld te verdien.	4	2
4.17	• Tannie Bets het vir Lien gehelp om 'n tydelike werk te kry. • Tannie Bets het Lien en Braam ondersteun toe hulle ma die twee kere kliniek toe gegaan het. • Tannie Bets het die tweede keer wat Christien weer kliniek toe is, klokslag sesuur elke aand kos vir Lien en Braam geneem. • Tannie Bets het aangebied om Lien en Braam te neem om hulle ma in die kliniek te besoek. • Tannie Bets het gereeld haar besorgdheid en liefde teenoor hulle gewys. • Tannie Bets het vir Lien se agtiende verjaardag 'n ete gereël. Enige TWEE of soortgelyk	2	1
4.18	• Lien is liefdevol. • Lien het 'n goeie hart. • Lien is onselfsugtig./Sy deel graag met ander mense. • Lien gee om vir mense./Sy is besorgd. Enige TWEE	2	3

4.19	Ja. • Hoe meer ’n mens gee, hoe meer ontvang jy. • Dis Christelik om ander mense te help. • ’n Mens is ’n mens deur ander mense, dus moet jy liefde betoon aan jou medemens deur te help of te deel. Nee. • Die persoon kan alkohol/dwelms met die geld koop. • Jy sal die persoon net bederf. • Moenie ’n persoon ’n vis gee nie, leer hom liewer hoe om vis te vang. Enige EEN of soortgelyk	1	5
4.20	• Lien moet aanhou om goeie dade te verrig. • Lien moet aanhou in haarself glo. • Lien moet aanhou hard werk. • Lien moet gefokus bly. • Lien moet gereeld bid. Enige TWEE of soortgelyk	2	5
4.21	Die titel verwys figuurlik na • die klomp verantwoordelikhede wat sy moes dra. • haar uiters moeilike situasie. • die volwasse/grootmensskoene wat sy moes volstaan. • haar deursettingsvermoë/opoffering/uithouvermoë/geduld. Enige EEN of soortgelyk	1	4
		[35]	
	TOTAAL AFDELING A:	**35**	

VLAK 1	**VLAK 2**	**VLAK 3**	**VLAK 4**	**VLAK 5**
9	5	14	2	5
40%		40%	20%	

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

TEKS I

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
5.1	Mdantsane	1	1
5.2.1	• Poppie het nie 'n pas gehad om in die Kaap te bly en werk nie. • Poppie was met 'n Xhosa getroud en moes na die Ciskei gaan (terwyl Stone het in die Kaap gebly om te werk).	2	2
5.2.2	Stone het vir Poppie geld gestuur. Of enige soortgelyke antwoord.	1	3
5.3.1	Bonsile het 'n meisie swanger gemaak.	1	2
5.3.2	Hulle het (damage-)geld gevra.	1	2
5.4	• B • respek • B respek Enige EEN	1	1
5.5	• Poppie moes op 9 jaar die skool verlaat om totdat sy 13 jaar oud was haar drie broers, Mosie, Plank en Hoedjie op te pas – maar sy het aangehou lees uit Mosie se boeke en Die Jongspan. • Toe Poppie 'n huis in Mdantsane in die Ciskei kry, was haar eerste vraag of daar 'n skool vir haar kinders sal wees. • Toe Poppie se oudste kind, Bonsile nie saam met haar Ciskei toe wou trek nie, het hy by Plank agtergebly, maar Poppie het weereens seker gemaak of die skool hom sal hou as hy nie op haar kaart geregistreer is nie. • Na Stone/Tata-ka-Bonsile se dood het Poppie besluit dat sy in die Kaap moet gaan werk om haar kinders op skool te hou. Enige TWEE, maar korter/kernagtig gestel	2	2
5.6.1	• Poppie het die nuus gekry dat Stone/haar man baie siek is (en hulle verwag geld van Poppie). • Sy het 'n telegram gekry wat sê dat Stone/haar man oorlede is. Enige EEN	1	2
5.6.2	• Stone was siek en het 'n igqira (herbalist) gaan sien eerder as om na die raad van die dokter te luister. • Die medisyne (ukugapa) was te sterk vir Stone – sy ingewande het begin bloei.	2	3
5.7.1	• By Stone se ouers (op die land) • By Herschel Enige EEN	1	2

5.7.2	• Poppie verhuur haar huis in Mdantsane en verwag dat Bonsile by die huismense inwoon. • Bonsile moet Poppie se kleinkind, Vukile, na haar laat bring. Enige EEN	1	2
5.8	• Vukile is gebore op die dag wat Stone oorlede is. • Poppie het gevoel dat die een/Stone van haar weggeneem en die ander/Vukile aan haar gegee is. Enige EEN	1	4
5.9	• B • frustrasie met die situasie uit te druk. • B frustrasie met die situasie uit te druk. Enige EEN	1	1
5.10	Jakkie het gesê as dit die witmense pas, dan tel die wet nie.	1	4

TEKS J

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
5.11	• Die jeug het in opstand gekom teen die verpligte onderrig in Afrikaans. • Die kinders het in opstand gekom oor die swaarkry van hulle ouers in die verlede. • Die kinders het in opstand gekom teen hulle ouers se drinkery./Die kinders was in opstand teen hoe die drank hulle ouers uitgeroei het. • Die kinders was in opstand teen die migrants wat nie wil ophou wyn verkoop nie. Enige EEN of soortgelyk	1	3
5.12	slengtaal	1	3
5.13	• Die kinders WAS die leiers. • Die kinders het nie na die grootmense gekyk vir leierskap nie.	1	4
5.14.1	• Mense van die area. • Mense wat daar gebore is. • Mense wat daar gewerk het. Enige EEN of soortgelyk	1	1
5.14.2	Werkers van ander areas/gebiede/buurstate	1	1
5.15	• Alkoholmisbruik is baie ernstig onder die migrant werkers. • Die migrant werkers verkoop wyn. Enige EEN	1	5
5.16	• Die polisie het nie regtig omgegee nie, hulle het vir die grootmense gesê om die kinders te dissiplineer. • Die polisie het die migrant werkers aangemoedig om vir die polisie die kinders aan te val. • Die polisie het op Kersdag in die lokasie ingegaan en op die onlusmakers geskiet. • Die polisie het tussen huise geskiet waar oumense en kinders is. Enige EEN of soortgelyk	1	3

5.17	• B Poppie verlaat die skool om haar jonger broers op te pas. • A Poppie werk by ’n visfabriek in Lambertsbaai. • D Poppie ontmoet die 23-jarige Stone Nongwena. • C Poppie kry ’n nuwe naam, Nonkosinathi.	4	3
5.18.1	• C • Ouma Hannie • C Ouma Hannie Enige EEN	1	3
5.18.2	• E • Jakkie • E Jakkie Enige EEN	1	3
5.18.3	• B • Mama • B Mama Enige EEN	1	3
5.18.4	• A • Vukile • A Vukile Enige EEN	1	3
5.19	• Poppie is ’n sterk vrou. • Vir Poppie is opvoeding baie belangrik. • Poppie het baie probleme en hartseer oorkom. • Poppie het met die dood van Vukile amper haar veggees verloor. Enige TWEE of soortgelyk	2	5
5.20	• Poppie het alles gedoen om vir haar kinders die beste te gee. • Poppie het selfs nie omgegee om in die Kaap te werk sonder ’n pas om vir haar kinders te sorg nie. Enige EEN of soortgelyk	1	5
		[35]	

VLAK 1	**VLAK 2**	**VLAK 3**	**VLAK 4**	**VLAK 5**
4	10	14	3	4
40%		40%	20%	

VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

TEKS K

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
6.1.1	• Die (Klein)-Karoo • ’n Karoolandskap Enige EEN of soortgelyk	1	1
6.1.2	• Hier’s niemand wat Katrien van hom kan probeer wegvat nie. • Frans is die enigste man wat Katrien van hom af kan probeer wegneem, maar Hendrik sien kans vir Frans. Enige EEN	1	2
6.2	Hulle het huweliksprobleme.	1	3
6.3	• Hendrik het niks geweet nie./Hendrik is nie in kennis gestel nie./Hendrik bel Oudtshoorn om uit te vind wat aangaan. • Hendrik het oor die telefoon gevloek. • Hendrik het oor die telefoon geraas (gebulder) en tekere gegaan/Hendrik is die hel in. • Hendrik het in die spreekbuis gebulder toe hy praat. • Hendrik het met sy hande beduie – sy lyftaal het gewys hy is ontsteld. Enige TWEE of soortgelyk	2	2
6.4	• Die woord “moerse” verwys na ’n groot/belangrike stasie. • Hierdie stasie is eintlik baie klein (dis ’n sylyn)/nie so indrukwekkend nie. Beide kante moet gestel word	2	3
6.5.1	beskerm	1	2
6.5.2	• Hendrik probeer Emma oortuig dat sy Nollie nie moet ignoreer nie/dat Nollie regtig nie ’n slegte vent (ou) is nie. • Hendrik probeer Emma aan Nollie verkoop. • Hendrik probeer Emma aan Nollie afsmeer. Enige EEN of soortgelyk	1	1
6.5.3	• Nollie was nie goed genoeg vir Emma nie. • Nollie is deel van die leefwêreld/plek waarvan Emma nie hou nie. • Emma het groter drome. • Emma vertel vir haar ma dat sy nie gaan trou nie. Enige EEN of soortgelyk.	1	3
6.6	• A • die sirkustrein op die stasie verskyn. • A die sirkustrein op die stasie verskyn. Enige EEN	1	3

6.7.1	• Willem praat nou al vir twee jaar nie. • Oudokter het gesê dit is ’n angstoestand. Voorbeelde: - Willem het geskrik of iets. - Willem is bang vir iets. - Willem het dalk iets gesien gebeur wat hy nie kan verwerk nie. Enige EEN	1	2
6.7.2	Willem het **gelag**.	1	2
6.7.3	• Willem het baie lief vir die nar/Manuel geword. • Manuel het Willem se taal “gepraat”. • Manuel het baie vir Willem beteken. • Manuel het vir Willem toertjies geleer. • Willem het Manuel vertrou. • Manuel het Willem gelukkig gemaak. • Manuel het tyd gehad vir Willem. Enige EEN of soortgelyk	1	3
6.8.1	• B • Manuel • B Manuel Enige EEN	1	3
6.8.2	• A • “Jy’t nie eintlik baie om vir mens te vertel nie, het jy Hendrik?” • A “Jy’t nie eintlik baie om vir mens te vertel nie, het jy Hendrik?” Enige EEN	1	3
6.8.3	• D • ’n Sirkustrein het by die spoorweghalte stilgehou. • D ’n Sirkustrein het by die spoorweghalte stilgehou. Enige EEN	1	3
6.8.4	• C • Die gesin word met eiers en tamaties gegooi. • C Die gesin word met eiers en tamaties gegooi. Enige EEN	1	3

TEKS L

NR.	**ANTWOORD**	**PUNT**	**VLAK**
6.9	Tydens die Volstruisdans	1	1
6.10	vrolik	1	2
6.11.1	• Ouderling Bothma • Thys Briekman	2	1
6.11.2	• Die mense besef dat hulle verkeerd opgetree het teenoor die MacDonalds. • Die mense was spyt oor hulle verkeerde optrede. • Die mense weet dat hulle die MacDonalds veroordeel het. Enige EEN of soortgelyk.	1	2

6.11.3	Dis veronderstel om ’n spoggeleentheid in die distrik te wees, maar eindig in ’n tamatie- en eiergooiery. Albei kant moet gestel word vir een punt	1	3
6.12 1	Wil jy jouself jammer kry?	1	3
6.12.2	Sy hol weg/hardloop die veld in.	1	1
6.13	• D • baie vrolikheid op die stoep. • D baie vrolikheid op die stoep. Enige EEN	1	3
6.14	Nee. • Willem speel ’n eenvoudige wysie. Ja. • Willem het vergeet hoe om te speel. Enige EEN of soortgelyk	1	2
6.15.1	• Nollie is ’n held. • Nollie gee vir ander mense om. • Nollie het goeie maniere Enige EEN of soortgelyk	1	1
6.15.2	Om hulle te beskerm.	1	1
6.16.1	Begin: • Hendrik aanvaar nie dat Willem ’n spraakprobleem het nie. Einde: • Nadat Willem weer praat, is Hendrik trots op sy seun en spog oor Willem se vaardighede. Enige soortgelyke antwoord wat die progressie aandui	1	4
6.16.2	Begin: • Emma steur haar nie aan Nollie nie. • Emma wil niks met Nollie te doen hê nie. Einde: • Emma aanvaar (haar verhouding met) Nollie. Enige soortgelyke antwoord wat die progressie aandui	1	4
6.17	Hendrik het met Katrien/sy vrou gedans.	1	3
6.18	Die McDonalds is eensaam.	1	5
6.19	Nee. • Ek dink dit sal moeilik wees, omdat hulle ons as gesin verneder het. Ja. • Hulle het vir hulle verkeerde optrede/fout om verskoning gevra. Enige EEN of soortgelyk	1	5
		[35]	

VLAK 1	**VLAK 2**	**VLAK 3**	**VLAK 4**	**VLAK 5**
11	5	14	4	1
45,7%		40%	14,28%	

VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee

TEKS M

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
7.1	• Hy was besig om ’n wip/strik vir die olifante te stel. • Hy het ’n boom so gekap dat as ’n olifant daarteen stoot, sou hulle oor die afgrond val. Enige EEN	1	1
7.2.1	• Na die olifanttande. • Na die ivoor. Enige EEN	1	2
7.2.2	• Elias wou die tande/ivoor in die dorp aan die skepe verkoop (om ekstra geld te maak).	1	3
7.2.3	• Handbyl • Osrieme • Kombers • Kortsaag Enige TWEE	2	1
7.3	• Barta kan nie standpunt inneem nie./Barta praat bitter min. • Haar slegte omstandighede veroorsaak dat die leser vir Barta jammer voel. • Barta het ’n man wat manipulerend, baasspelerig en gewelddadig is. • Sy het toegelaat dat die lange vir haar sê watter seun sy moet kies. Enige EEN of soortgelyke antwoord	1	3
7.4	ongeluk	1	1
7.5	Elias is • wreed. • skelm. • selfsugtig. • aggressief. • onsensitief. • onbeskaafd. Enige DRIE	3	1
7.6.1	• Die moontlikheid bestaan dat die kind wat jare gelede in die bos weggeraak het, gevind is. • Die Van Rooyens gaan die volgende dag Knysna toe moet gaan om na die kind te kyk. Enige EEN	1	5
7.6.2	• Hy is verslae. • Hy sê sy kop wil dit nie vat nie. Enige EEN	1	5
7.7	• B • Knysna, die Bos • B Knysna, die Bos Enige EEN	1	3

7.8.1	• C • ’n Swak en passiewe figuur • C ’n Swak en passiewe figuur Enige EEN	1	3
7.8.2	• D • Wou seker maak of Benjamin iets uit sy verlede onthou • D Wou seker maak of Benjamin iets uit sy verlede onthou Enige EEN	1	3
7.8.3	• A • Die sterk een in die gesin en neem die besluite • A Die sterk een in die gesin en neem die besluite Enige EEN	1	3
7.8.4	• E • Het Barta voorgesê om die kind met die blou hempie te kies. • E Het Barta voorgesê om die kind met die blou hempie te kies. Enige EEN	1	3
7.9	• Dit is waar die handeling/aksie aan die gang gesit word. • Dit is die begin van die opbou van spanning. Enige EEN	1	5

TEKS M

NR.	**ANTWOORD**	**PUNT**	**VLAK**
7.10	• Die Knysnabos • Barnard-se-eiland Enige EEN	1	1
7.11.1(a)	• (goeie) plan • (bietjie) geluk Enige EEN	1	3
7.11.1(b)	een lyf	1	3
7.11.2	• Jag • Kosyne maak • ’n Wamakery begin	3	2
7.11.3	• Bietjie koring, mielies, groente (DRIE goed wat hulle plant) • Paar skape en ’n melkbok (TWEE soorte plaasdiere) • Selling brei velle (EEN inkomste uit die natuur = dassies word geslag vir hulle velle.) Voorbeelde: - brei dasvelle - maak karwatse - maak swepe - maak skoene • Plukseltjie (volstruis)vere (Hulle boer met volstruise.) Enige TWEE	2	2

7.12	• Barta het vir Lukas tussen vyf ander seuns uitgeken. • Lukas en Benjamin was dieselfde ouderdom toe Lukas/die een verdwyn het en Benjamin/die ander by Fiela se agterdeur beland het. Enige EEN	1	2
7.13	gewete	1	3
7.14.1	• Lukas weet nie waar hy hoort nie. • Skielik het Lukas 'n groot identiteitskrisis. • Daar is dinge oor homself wat hy nie verstaan nie. Enige EEN of soortgelyk	1	4
7.14.2	Toe die magistraat vir hom sê dat sy regte naam Lukas van Rooyen is.	1	4
7.15	• A • metafoor • A metafoor Enige EEN	1	3
7.16	• Die klimaks is wanneer Barta uiteindelik die waarheid praat. • Barta het erken dat die lange haar voorgesê het om die kind met die blou hempie aan te kies. Enige EEN	1	5
7.17	Ja. • Ek het gedink Barta sal die geheim altyd hou, want sy hou dit al so lank. Nee. • Ek het geweet dat dit uiteindelik moet uitkom, want die waarheid kom altyd uit. Enige EEN of soortgelyk	1	2
7.18	Nee. • Ouers mag nie hulle kinders mishandel nie. Ja. • Kinders behoort aan ouers. • Die ouers kan doen wat hulle wil. Enige EEN of soortgelyk	1	4
7.19	• Die mens se soeke na identiteit. • Die samelewing stereotipeer mense wat 'n ander kleur is./Die samelewing sien kleur raak. (Onderskei tussen rassegroepe) • Hoe iemand anders besluite oor 'n mens se lewe kan maak. • Die magteloosheid van die mens teen owerhede. Enige EEN (Sien drama, bl. 16)	1	3
		[35]	
	TOTAAL AFDELING B:	**35**	

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
9	7	12	4	3
45,7%		34,28	20%	

VRAAG 8.1: "VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND" – Dana Snyman

TEKS O

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
8.1.1	• A • reisverhaal • A reisverhaal Enige EEN	1	3
8.1.2	Eerstepersoonsverteller	1	1
8.1.3	Makosi	1	1
8.1.4	• Die verteller kom saam met Johannes na sy huis toe. • Die verteller laai 'n rol ogiesdraad af.	2	2
8.1.5	Johannes het sy huis self met groot moeite gebou.	1	2
8.1.6	• Rietspruit • Lichtenburg • Ventersdorp • Carletonville • Makokskraal • Extension Two • Potchefstroom Enige DRIE	3	1
8.1.7	Dit wat vir die een mens weggooigoed is, is kosbaar vir 'n ander mens.	1	3
8.1.8	• Die lewe is vir Johannes moeilik/bitter. • Die lewe is nie soet (soos 'n lemoen) nie en dui op iets wat nie maklik is nie. • Die woord "groen" kan dui op Johannes wat jaloers is op wat witmense het. Enige EEN	1	3
8.1.9	streekstaal	1	2
8.1.10	Sodat die bed hoog staan om hom teen die tokolosie te beskerm.	1	4
8.1.11	Tshepo Mbeti	1	1
8.1.12	• Die verteller sal dalk in die toekoms sensitiewer wees teenoor mense van 'n ander kultuurgroep. • Die verteller sal dalk in die toekoms vra wat iemand se regte naam in sy eie taal is. Enige EEN of soortgelyk	1	4
8.1.13	Die verteller se besef dat hy nie weet wat Johannes se naam eintlik is nie.	1	3
8.1.14	• Om die leser te laat nadink oor die kontraste tussen die lewens van wit- en swartmense in Suid-Afrika. • Hoe ons by mekaar verbyleef sonder om die ander persoon se leefwyse te verstaan. Enige EEN of soortgelyk	1	4

VRAAG 8.2: "ROT IN 'N VAL" – H. DU PLESSIS

TEKS P

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
8.2.1	Sy weet beslis dat daar baie werk in die huis is na die naweek. Of soortgelyk	1	3
8.2.2	• Groot Penuel is streng en baie besorgd oor sy gesin. • Hy kom met praktiese wenke op om veilig te bly. Enige EEN of soortgelyk EN • Lerato is meer op haar gemak ten opsigte van sekuriteit. • Lerato het 'n baie "sagte" benadering t.o.v. sekuriteit. Enige EEN of soortgelyk	2	2
8.2.3	• Angelina het desperaat gekla dat haar maag dolleeg was. • Sy het gevra of sy nie die vloer kan was vir 'n stukkie brood nie. Enige EEN of soortgelyk	1	3
8.2.4	Sy het gehoor dat Lerato vir Penuel oor die telefoon sê dat sy geld getrek het. Of soortgelyk	1	5
8.2.5	• Angelina het groot geskrik toe sy die rot sien en die mes laat val. • Angelina het, nadat sy die rot gewaar het, bo-op die stoel gespring en die mes op die vloer laat val. Enige EEN of soortgelyk	1	3
8.2.6	• Angelina sou nie meer bang vir die rot wees nie./Daar sou nie meer 'n gevaar vir Angelina wees nie./Angelina kon Lerato dan weer aanval. • Klein Penuel het Lerato die oggend mooi gevra dat Kuku, die kat, buite moet bly./Klein Penuel was bang dat Kuku sy rot sou vang. Of soortgelyk by bogenoemde twee feite	2	3
8.2.7	• Lerato was baie bang/geskok/verskrik/verstrak. • In haar toestand moes Lerato ook nog vir Angelina dophou. • Enige persoon sou gespanne/bevrees in só 'n (gevaar)situasie reageer. • In enige gevaarsituasie styg jou bloeddruk/kan jy nie reguit dink nie. Enige EEN of soortgelyk	1	3
8.2.8	• D Angelina staan vreesbevange stil op die stoel. • A Lerato gryp die mes wat geval het. • C Lerato bel die ambulans per ongeluk. • B Angelina word gearresteer.	4	2

8.2.9	• Groot Penuel het saam met sers. Roets gegrap en gelag. • Groot Penuel het na Lerato beduie dat hulle gaan terugtrek nader na ander mense toe terwyl hy haar hand vashou. Enige EEN of soortgelyk	1	3
8.2.10	Dat Igundane, sy rot, sy ma beskerm het.	1	2
8.2.11	Ja. • Dit sal ons leer om alle diere/natuur lief te hê. • Dit kan ons leer om dinge in die natuur te waardeer. • Dit sal ons leer om in harmonie met diere en die natuur te leef. Nee. • Dit is baie gevaarlik. • Dit kan lei tot onhigiëniese toestande. • Dit is ongesond. Enige EEN of soortgelyk	1	5
8.2.12	• Angelina word soos ’n rot in ’n val gevang (deur haar vrees) en die ware held is die troetelrot, Igundane. Of soortgelyk Albei kante moet gestel word vir 2 punte. 2/0	2	4
		[35]	
	TOTAAL AFDELING C:	**35**	

VLAK 1	**VLAK 2**	**VLAK 3**	**VLAK 4**	**VLAK 5**
7	10	10	5	3
48,57%		28,57%	22,85%	

VRAAG 9.1: RONDOM MY – Dawie de Jager

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
9.1.1	• Wees hier naby my. • Wees by my. • Wees ’n deel van my. Enige EEN of soortgelyk	1	3
9.1.2	Liefde	1	1
9.1.3	Dit maak die gedig meer persoonlik.	1	3
9.1.4	haastigheid	1	1
9.1.5	• B • daar herhaling voorkom. • B daar herhaling voorkom. Enige EEN of soortgelyk	1	3
9.1.6(a)	• Daar is geen punktuasie tussen versreëls nie. • Daar is nie leestekens aan die einde van versreëls nie. • Die strofe begin met ’n hoofletter en eindig met ’n punt. Enige EEN of soortgelyk	1	3
9.1.6(b)	enjambement	1	1
9.1.7	Hartseer	1	4
9.1.8(a)	tyd	1	2
9.1.8(b)	verhouding	1	2
9.1.9	• Daar is dinge wat die geliefde nog pla. • Daar is dinge wat die geliefde terughou.	2	1
9.1.10	kom	1	3
9.1.11	As jy wil DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE	1	3
9.1.12	• Moenie druk op ’n verhouding plaas nie. • Verhoudings neem tyd en moet natuurlik ontwikkel. • ’n Verhouding is iets wat ’n mens stadig moet vat. • Jy moet jou tyd vat om iemand te leer ken. • Jy kan nie iemand dwing om van jou te hou nie. Enige TWEE feite	2	5
9.1.13	• Dit beklemtoon die feit dat die spreker nie sy geliefde dwing nie. • Hy wil hê sy moet daaroor gaan dink en nie ’n oorhaastige besluit neem nie. Enige EEN	1	4

VRAAG 9.2: "BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN" – Marita van Aswegen

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
9.2.1	Robot verwys na die ... • **Die verkeerslig/**ligte wat rooi, oranje en groen word vir die motors/karre om te ry • Die (**blinde) man wat beheer word** deur iemand anders/wat net instruksies volg/wat heeltyd doen wat iemand sê hy moet.	2	3
9.2.2	• Die bedelaar/blinde man • Die tsotsi	2	1
9.2.3(a)	'n Slang	1	2
9.2.3(b)	• "sis die tsotsi en sy asem ruik na bier" • "die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal" Enige EEN	1	2
9.2.3(c)	'n Slang is • gevaarlik • dodelik Enige EEN of soortgelyk	1	4
9.2.3(d)	'n boelie	1	4
9.2.4(a)	gehoor	1	3
9.2.4(b)	• klanknabootsing • onomatopee Enige EEN	1	3
9.2.4(c)	• sig • gesig Enige EEN	1	3
9.2.5	• C • dwing • C dwing Enige EEN	1	3
9.2.6	• Die bedelaar is afhanklik van die tsotsi om by die huis te kom. • Die tsotsi/skelm neem hom huis toe. • Die bedelaar/blinde man sal nie self by by die huis kan kom nie. Enige EEN of soortgelyk	1	4
9.2.7(a)	• E • Sinekdogee • E Sinekdogee Enige EEN	1	3
9.2.7(b)	• A • Inversie • A Inversie Enige EEN	1	3

9.2.7(c)	• B • Eufemisme • B Eufemisme Enige EEN	1	3
9.2.7(d)	• C • Alliterasie • C Alliterasie Enige EEN	1	3
9.2.8	"nog" EEN WOORD	1	3
		[35]	
	TOTAAL AFDELING D:	**35**	
	TOTAAL:	**70**	

VLAK 1	**VLAK 2**	**VLAK 3**	**VLAK 4**	**VLAK 5**
7	4	17	5	2
31,42%		48,57%	20%	